

Skriflesing: Esegïel 13:17-23

Teks: Esegïel 13:18

Sing: Ps. 116:1,3; Ps. 73:2; Ps. 48:3; Ps. 134:4

Daar sal tydens hierdie erediens weer broeders in die amp van ouderling bevestig word. Geliefdes, watter geweldige roeping en verantwoordelikheid is dit nie?! Manne wat die Here se vrou, sy kerk, die bruid van Christus, die moeder van ons as gelowiges moet versorg. Die kerk wat moet wees wat God van haar verwag. Ons moet nie die teendeel word, juis moet ons nie anders wil wees as dit wat God van ons verwag nie. So maklik word 'n mens juis die teendeel van God se verwagtinge, ook in wat ons as kerk aanbetref.

Vanoggend het ons reeds gewys op die valse profete wat daar in Jerusalem was. Soos jakkalse in die puinhoop was hulle besig met hulle ondermyning, maar het ons ook gewys op misleiding wat daar kan wees. Om 'n muur met los kalk te bepleister is nie wat die Here van ons verwag nie, ook nie van hulle wat op die roeping van die Here moet antwoord nie. Nou praat die Here ook met die vrouens in Jerusalem. Die valse profetes is 'n verdere oorsaak van Israel se diepe verval. Die Israel wat die Here noem 'n wederstrewige huis, hulle wat soos dorings en distels, soos skerpioene optree, verstok van hart en hard van aangesig, dit weet ons is van die baie maniere waarop die Here na sy volk verwys.

Nou het daar ook vroue in Jerusalem na vore getree wat hulleself ook profete genoem het. Gewoonlik is dit die geval, so openbaar die Here dit, as 'n vrou as ware profeet na vore tree, wat wel kan gebeur, dan het die Here hierdie vroue geroep, omdat die mans doodeenvoudig te sleg was om te doen wat die Here van hulle verwag. Daarom was daar vroue, wat ware profete was, vroue soos Miriam, Debora en Hulda en ook nog andere, goeie profetes, maar hulle moes optree omdat dit alreeds so 'n verrotte tyd was. Iets van dieselfde verrotting gebeur ook in ons tyd, waar vroue die plekke van mans moet inneem, omdat die mans te sleg geword het om te doen wat die Here van hulle verwag.

Maar nou staan ons in Esegïel by 'n nog diepere verrotting. Dit is seker die grootste laagtepunt wat daar kan wees, as vroue hulle dan ook self as profete voordoën, maar watter valse profete is hulle nie! Hulle terg God op die mees gruwelike wyse, daarom dat die Here vir Esegïel sê – *En jy mensekind rig jou aangesig teen die dogters van jou*

volk wat as profetessee optree uit hulle eie hart en profeteer teen hulle... En in die volgende verse dan kom ons agter watter soort van profete was hierdie vroue. Vroue wat met hulle voorkoms en kleredrag 'n duidelike boodskap wou uitdra...vroue wat bande vaswerk aan die gewigte van die hande en sluiers maak oor die hoof van allerhande mense, groot en klein, om siele te vang...

Geliefdes hulle is vroue wat gedink het hulle doen reg. Tog doen vroue hier wat mens laat besef soos die sonde met ons as mense maak, so gebeur dit ook hier...as die man sondig dan kry jy daardie vroue wat die sonde dan net nog 'n stap verder voer. Die mans aan die begin van hfst. 13 wou darem nog iets voorgee van hulle tree binne die grense van die profesie op, al was hulle soos jakkalse in puinhope, mense wat met los kalk pleister, maar die vroue wat hulleself ook profete noem hulle stap openlik oor die grens en begin dit baie duidelik te maak dat hulle nie bang is om van heidense towery en waarsêery gebruik te maak nie. Ja, hulle doen die verskriklike ding om met Bybelse middele heidense praktyke uit te voer.

Die gewrigsband en die kop sluiers kan ons in Ex.13 en Deut. 6 ook van lees waar die Here aan sy volk opdrag gee dat hulle gebedsrieme gesny uit perkament om hulle linkerarm moes dra en dan was daar ook sprake van die tooisel wat oor die koppe gegooi moet word as hulle gaan om te aanbid. Dit alles het geestelike betekenis gehad dat hierdie band en sluier eintlik herinnering moes wees aan die Wet van die Here. Die Wet wat hulle as teken om hulle arm moes bind en wat as voorhoofsband tussen hulle oë moes wees. Later dan wys Jesus ook hoe die Fariseërs dit wat God vir ons skenk uit verband ruk en dit nou so toepas soos dit die mens pas en dit nie meer tot diens van God staan nie. In Matt.23:5 lees ons dat Jesus sê die Fariseërs en die Skrifgeleerdes maak hulle gedenkseëls breed en die some van hulle klere groot. Die Fariseërs het alles breed gesny want mense moet kan sien hoe goed hulle die Here dien.

Nou het Esegïël met sulke vroue te doen, nog voor daar van Fariseërs as groep sprake was. Hierdie vroue maak met die sluiers en die bande toe nie wat God van ons vra nie, maar hulle maak daarvan 'n totale karikatuur en word dit bestanddele vir deur en deur heidense praktyke. Die Here praat van hoe hulle nou siele wil vang, waar daar 'n hele naaldwerk industrie aan die gang was om vir die vroue genoeg bande en sluiers te maak. Hulle het voorgegee die bandjies om die gewigte gebind kan eintlik geeste bind en

losmaak. As die Here praat van hulle wil siele vang dan het hulle geglo dat die siel van die gestorwene soos 'n voëltjie die grafspelonk invlieg. So het hulle dan dit vir hulleself voorgestel en nou bind die vrou die bandjies om haar gewrigte waarmee sy dan glo sy kontak kan maak met die siel van die gestorwene. Haar gebinde bandjie is eintlik 'n siele binding met iemand wat reeds dood is en wil hierdie vrou dan te kenne gee dat sy een is met die gestorwene se gees en haar waarsêery deur hierdie dooie word nou as profesie voorgedra. Nou kom daar iemand hierdie profetes besoek want hulle wil graag hoor wat die toekoms inhou., Oor die kop van die besoeker word dan 'n sluier gegooi. Daar was allerhande grootte sluiers, vir grootmense en jongmense, kleintjies en grotes kon tussen die verskillende grootte sluiers kies!

Die sluier oor die kop van die besoeker plaas die persoon dan ook in die dampkring van die profetes waar die sluier oor die kop kamtig met die bandjie om die arm van die profetes inwerk. Die profetes maak asof sy die siele en geeste gebind kan hou deur die bandjie om haar arms gebind, maar hulle mag nie sien wat sy doen nie, daarom word die besoeker met 'n hoofbedekking toe gesluier. Die ergste, terwyl die profetes met haar praktyk besig was, het sy die Naam van die Here begin aanroep om aan alles wat sy doen die kleur te gee asof sy in die Naam van die Here besig is. So asof God besig is om in haar te werk, want wil sy maak asof sy 'n profeet van die Here is.

Eenkant gee die vroue voor hulle is met iets ingewikkeld besig, ingewikkelde formules en bindinge waarmee siele en geeste gebind en ontbind kan word. Tegelyk wil hulle ook geheimsinnig mense se oë toebind met sluiers want mag die besoeker nie weet waar sy al die krag vandaan kry in waarmee sy besig is nie. Dit alles staan natuurlik nie los van die besoekers moet haar betaal. In v 19 dan wys Esegïël daarop, in wat die Here sê... *julle onheilich My by my volk vir 'n paar hande vol gars en vir 'n paar stukke brood om siele dood te maak wat nie moes gesterf het nie en om siele in die lewe te hou wat nie moes geleef het nie, deurdad julle my volk belieg wat na leuens luister...*

Broeder en suster, ons moet besef, ook wanneer ek in die amp van die Here staan, ook hulle wat nou bevestig gaan word, dat die ware profeet probeer nie om die waarheid in 'n sluier toe te draai nie, die waarheid moet uit, ons moet dit nie probeer verberg nie. Ons lewe uit die Woord en moet ware profete nie probeer om uit die Woord geld te maak nie. Die ware profeet verkondig die lewe en daarom glo ons dat siele wat moet

lewe in die lewe ontvang moet word. Ons moet nie hulle wil doodmaak wat nie moes gesterf het nie. God se profete verkondig die lewe tot in ewigheid maar vir die goddelose moet dit duidelik wees daar wag op hulle die ewige dood.

Ons as kinders van die Here, ons wat profeties geroep is om God se geregtigheid uit te dra, moet nie toelaat om by die tergende ontheiliging van God se Naam ons te laat invoer nie. Ons kry in ons tyd baie mense, selfs ook so baie kinders onder ons wat God se Naam onheilig, deur God se geregtigheid by hulle ongeregtigheid in te skakel, God se heiligheid wil hulle onheilig, God se goedheid word deur hulle sleg gemaak, die waarheid word tot hulle leuens besoedel, die almagtige krag van God wil hulle voorgee is deel van hulle towerkrag. God wat Hom in Sy Woord openbaar en nie deur allerhande bandjies en sluiers sal Hy Hom openbaar nie. Die toppunt van die ontheiliging van God is wanneer Hy wat die wysheid van God is, Jesus Christus, Hy wat geword het *wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing*, Hy ons hoogste Profeet, Leraar en Hoëpriester, watter verskrikking as daar gemaak word asof sy Woord nie die krag en heerlijkheid bevat wat dit alles insluit nie en mense word deur bygeloof en waarsêery en allerhande Spiritistiese mediums meegesleur.

Die bygeloof van om wel kerk-toe te kom as dit Nagmaal is, maar ander tye is my plek leeg, die bygeloof in getalle en allerhande voortekens, die bygeloof van sterre voorspel, daar is in ons tyd verskriklik baie van hierdie verskrikkinge wat met die lewende God en sy Woord wil speel. God laat nie met Hom speel nie, nie deur gewrigbandjies of sluiers nie, nie deur formules of teeblare nie, nie deur dolosse of perdehoewe nie, niks van hierdie dinge kan voor God regverdig gereken word nie. Nie van die kant van mans nie, ook nie van vroue nie. Dit laai God se toorn op.

Ons wat God se volk is, ons moet anders wil wees as die heidene. Ons moet nie wil maak asof daar nie werklik sulke mense bestaan wat eintlik totaal heidens lewe nie. In ons tyd word daar gemaak asof mense maar net anders glo maar dat hulle nie as heidene en as verlore beskou mag word nie.

Laat ons dit duidelik stel God maak nie 'n geheim daarvan dat die heidene, hulle wat met allerhande ander dinge godsdiens bedrywe dat hulle is vir die hel bestem. Die Nagmaalsformulier wil sulke mense van die Here se tafel afhou en word daar nog

duideliker gestel dat hulle geen deel in die ryk van Christus het nie. Ons Nagmaalsformulier praat spesifiek van hulle waarmee Esegïel hierdie profetesse aandui- afgodsdienaars, almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander geskape dinge vereer; alle towenaars en waarsêers, wat diere of mense of ander dinge besweer en die wat aan so 'n beswering glo; alle veragters van God en sy Woord... sulke mense bring hulleself in die oordeel.

Ons wat vandag hierdie gedeelte uit die Woord met ons mag saamneem, onthou ons is nie hier vir 'n rand in die sak of 'n snytjie brood, soos wat die profetesse gemaak het nie, ons is hier omdat God ons geroep het in wat Hy aan ons openbaar. Op grond van openbaring en nie versluiering nie, sal ons vir die eer van God moet opstaan. God se profetiese Woord kos jou nie geld of goed nie, dit het wel Christus se bloed gekos. Nou eis God van jou dat jy nie iets vir sy Woord moet gee nie, ons kan niks gee nie, maar God eis dat jy dit moet kan ontvang. Dat jy sy Woord moet glo, werklik Christus moet ken en op Hom vertrou.

In die Woord waarmee ons aan God gebind is, nie met aardse gewrigbandjies nie, maar met die koorde van die verbond moet ek aan God gebind wil wees. Dit is daarom vir my tragies die bandjies wat kinders soms om hulle arms dra (die WWJD-bandjies ingesluit) met die skyn van Christelikheid, maar die vraag is, het ons dan nie genoeg aan die Woord nie. Dit wat dit alles vir ons beteken, die begin en die einde daarvan. Het ons bandjies en sluiers nodig. Nee, broeder en suster, ons het nodig God se Woord deur sy Heilige Gees vir ons geskenk, wat in ons wil woon en nie maar net deur ons aangehang moet word nie. 'n Mens kan God nie aanhang nie, maar God moet in jou wil wees, waar jou hart en gedagtes en dade saamkom. Dan is dit Christus in My en ek in Hom.

God sluit in alle geval nie deur bandjies en lap die poorte van die hemel oop nie, maar God sluit oop en toe deur die sleutels van die hemelryk nl. deur die verkondiging van die Woord en die christelike tug. Dit is wel albei aktiewe handeling wat soos sleutels in die slotte van ons lewe moet inpas. Hierdie sleutels, net hierdie twee, van hulle albei sê die Kategismus- **met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit...**

Broeders u wat nou ook hierdie mede-verantwoordelikheid tot die hantering van die sleutels gaan ontvang, mag u altyd net op God vertrou, Hom in sy heerlikheid ken, sonder aardse middele en pretensies waarmee mense deesdae dink om die godsdiens aantreklik te wil maak. Ons het nie aardse sluiers en bande om die gewigte en enkels nodig nie, maar ons het God se Woord so nodig. Staan dan op vir wat die Here in sy Woord van jou vra, sonder om siele te wil jaag asof ons hulle kan vang.

Aan die einde van hfst. 13 besef ons eiewillige godsdiens werk nie. Dit het nie vir die profetesse gewerk nie, vir ons sal dit net so min werk. Samuel het vir Saul in 1 Sam 15:23 gesê- *wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens*. Hierdie dames by Esegïël wat gedink het hulle mag maar toor, hoe gevaarlik om dit met die mantel van die profesie te wil toedraai. God laat Hom nie bedrieg nie. Nie met ons menslike ingewikkeldheid of geheimsinnige plannetjies nie, maar laat ons siele nie soos voëls grotte wil invlieg of uitvlieg nie, maar ons vind rus vir ons siele by die ongesluerde Woord van God, wat nie 'n geheime leer van allerhande kodes en syfers bevat nie, maar dit bevat God se stem wat die naakte waarheid is. Gehoorsaamheid, ook aan jou roeping vandag, ook vir hulle wat nou gehoorsaam sal antwoord, dit is beter as offers of die vet van vetgemaakte ramme.

AMEN